



Publikasie nr. 011911	Datum 8.00.60/11.53	Onderwerp nr. 0.8.6	Dokument nr. 5.5.9.1
-----------------------------	------------------------	---------------------------	----------------------------

1 JUN 1980

RAPPORT

Jg. 10 Nr. 27 P. 3 Dat.

Oproer: Min kry polisse

ONDANKS die gevaar van onluste is die meeste groot maatskappye in Suid-Afrika nie bereed om versekeringsdekking teen politieke oproere uit te neem nie, omdat hulle die polisse in hierdie stadium as relatief te duur beskou.

Die oproer van verlede en vandeerweek in Kaapstad het blykbaar nie groot Kaapstadse ondernemings laat skrik nie, want die meeste van hulle beoog nie om in hierdie stadium dekking teen politieke oproer uit te neem nie.

Die pol' word deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Spesiale Risiko's (Sasria) deur korttermynversekeraars bemark.

Die grootste klage teen die polisse is dat dit nie dekking teen winsverliese bied nie, maar net teen die werklike skade wat aangerig is.

Sover Sake-Rapport kon vasstel, is Saniam se Goue Akker in Kaapstad die enigste groot onderneming in die Kaapstadse middestad wat die polis uitgeneem het. Die sentrumbestuurder, mnr. Attie Marais, se die Goue Akker het onlangs — toe daar tekens van politieke oproer was — besluit om so 'n polis uit te neem.

Verlede Saterdag is 'n groot ruit in die sentrum gebreek. Die skade word teen sowat R300 geraam en 'n eis vir die bedrag sal ingestel word.

Die OK se winkel, wat aan die Goue Akker grens, het nog nie 'n Sasria-polis uitgeneem nie. 'n Woord-

voerder van OK in Johannesburg se dat sy maatskappy net polisse uitgeneem het om skade aan sy voertuie te dek.

„Die Sasria-polisse, wat dekking teen skade aan geboue en voorraad bied, is in hierdie stadium relatief te duur omdat winsverliese nie gedek word nie,” het die woordvoerder gesê.

OK is egter gedek teen ander skade.

Dit beteken egter nie dat OK nie in die toekoms Sasriapolisse sal uitneem nie.

„Ons kyk voortdurend na die polisse en indien dekking teen winsverliese aangebring word, sal OK bealls in die polisse belang stel.

'n Direkteur van Pick 'n Pay, mnr. Hugh Herman, se dat Pick 'n Pay in hierdie stadium nog nie Sasria-polisse uitgeneem het nie. Sy besware is soortgelyk aan dié van OK.

Makelaars stem in die algemeen saam dat Sasria-polisse 'n moet is.

Mnr. David Hersch, 'n Kaapstadse makelaar, se die ondernemings wat nie die polisse uitneem nie en in gevaargebiede is, speel met vuur. Hy stem saam dat Sasria sy polisse moet wysig om winsverliese te dek.

Mnr. D. P. Gillimore, direkteur (Tegniese dienste) van Priceforbes Federale Volkskas, se die gevaar bestaan dat Sasria nie nuwe polisse sal uitreik as grootskeppse onluste uitbars nie.

„Ondernemings moet nou die situasie ernstig in oënskou neem omdat hulle nie later dieselfde dekking as nou sal kry nie,” se mnr. Gillimore.

Die meeste makelaars se ook dat daar tans nie 'n wesenlike toename in belangstelling vir die polisse is nie.

Hulle wys daarop dat 'n groot voordeel van die polisse is dat dit verskillende premies vir verskillende gebiede het.

Die premies van ondernemings in swart woongebiede beloop 0,5 persent

van die batewaarde, terwyl die premies in bruin- en Indiërgebiede 0,3 persent van die batewaarde is.

Wat blanke gebiede betref, beloop die premie 0,1 persent van die batewaarde.

Mnr. Hersch se dat Sasria die saak weer in oënskou moet neem, aangesien blanke gebiede nie noodwendig die veiligste is nie. Verlede Saterdag se oproer in die middestad van Kaapstad is 'n voorbeeld.

Mnr. R. Schneeberger, bestuurder van Sasria, se sedert die polisse ingestel is, het die premie-inkomste bevredigend gestyg. Wat dekking teen winsverliese betref, se mnr. Schneeberger dat so 'n wysiging in Sasriapolisse deur die Regering gedoen moet word.

Hoewel hy nie die moontlikheid van wysigings in die polisse wil uitsluit nie, sal veranderinge deur toekomstige omstandighede bepaal word.

— Filip Meyer

TREFWOORDE

1. Maatskappye
2. Verzekering
3. Spiesende
4. Polisse
5. Tawene
6. Sasria
7. Oproer
8. OK Parawoo
9. Kaapstad
10. Verhoofde

FDS